

1. BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

KOGNITIEWE VLAKKE	HISTORIESE VAARDIGHEDE	GEWIGSTOEKENNING VAN VRAE
VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek inligting uit bronne • Selektoring en organisasie van relevante inligting uit bronne • Definieer historiese begrippe/terme 	30% (15)
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Interpretasie van bewyse uit bronne • Verduidelik inligting verkry uit bronne • Analiseer bewyse uit bronne 	40% (20)
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne • Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel • Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings 	30% (15)

1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

2. OPSTELVRAE

2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne/memorandum), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer

nie

- Verkeerde stelling

- Irrelevante stelling

- Herhaling


- Analise

- Interpretasie

R

A√

1√



2.5. Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

- (a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.


I	VLAK 4	

- (b) Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

I	VLAK 4	
A	VLAK 3	

- (c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

I	VLAK 4	}26–27
A	VLAK 3	






Kopiereg voorbehou

R.M.

Blaai om asseblief

NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50


AANBIEDING  INHOUD 	VLAK 7	VLAK 6	VLAK 5	VLAK 4	VLAK 3	VLAK 2	VLAK 1
VLAK 7 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is.	47-50	43-46					
VLAK 6 Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is.	43-46	40-42	38-39				
VLAK 5 Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant.	38-39	36-37	34-35	30-33	28-29		
VLAK 4 Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevant keuse van inhoud.			30-33	28-29	26-27		
VLAK 3 Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.				26-27	24-25	20-23	
VLAK 2 Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal.					20-23	18-19	14-17
VLAK 1 Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevant inhoud.						14-17	0-13



Kopiereg voorbehou

B.S.M.

Blaai om asseblief

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**VRAAG 1: HOE HET DIE BERLYNSE BLOKKADE TOT KOUE OORLOG-
SPANNING TUSSEN DIE WESTERSE MOONNHEDE EN DIE
SOWJETUNIE BYGEDRA?**

1.1

1.1.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]

- Brittanje/Britse
- Frankryk/Franse
- Verenigde State van Amerika (VSA)/ Amerikaanse
- Rusland (Sowjetunie)

1.1.2 [Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]

- Die Sowjetunie het 'n aparte geldeenheid (*Ostmark*) in hulle sektor bekend gestel
- Waarsku die Weste dat hulle, hulle nie moet bemoei in die aangeleenthede van Oos-Duitsland nie
- Die Sowjetunie het Wes-Berlyn geblokkeer (Byvoorbeeld: paaie is toegemaak, spoorlyne, waterweë)
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.1.3 [Verduideliking van 'n historiese begrip uit Bron 1A – V1]

- Konsep wat deur Winston Churchill gebruik is om die verdeling tussen Oos- en Wes-Europa aan te dui
- Dit was 'n simboliese grens tussen die kommunistiese blok en Wes-Europese lande gedurende die Koue Oorlog
- Skeiding tussen kapitalisme en kommunisme in Europa
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.4 [Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]

- Wou die verspreiding van kommunisme verhoed/ 'domino- effek' na Wes Europa
- As Berlyn in die hande van die kommuniste val, dan sou Wes-Duitsland onder kommunistiese invloed kom
- Wou verseker dat demokrasie floreer
- Wou nie 2 miljoen Wes-Berlyners aan kommunistiese bewind oorgee nie
- Wes Berlyn was 'n luisterpos vir die Weste (enige 1 x 2) (2)

1.2

1.2.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]

- Om noodsaaklikhede/ benodigdhede soos voedsel, steenkool en klere aan Wes-Berlyn te lewer (1 x 2) (2)

1.2.2 [Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]

- Tekort aan brandstof lei tot 'n beperkte voorsiening van elektrisiteit
- Vars voedsel was nie geredelik beskikbaar nie
- Berlyners ondervind koue en donkerte gedurende die winter en het geen warm etes of elektrisiteit vir ligte nie (enige 2 x 1) (2)

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*

- Gedetermineer om nie in te gee/afgeknou te word onder Sowjetdruk/kommunisme nie
- Om te toon dat hulle nie afhanklik was van die Sowjetregering se bystand nie
- Afkeur van die blokkade
- Glo dat die Weste hulle ten volle sou ondersteun
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3

1.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*

- Dit toon Amerikaanse vliegtuie wat voorrade na Wes-Berlyn bring
- Kinders wag vir voorrade met verwagting
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*

- Dit kon vir propogandadoeleindes gebruik word om die Weste se ondersteuning aan Wes-Berlyn te beklemtoon
- Om te toon dat die Weste verbind was tot die stuiting van kommunisme/ beskerm kapitalisme
- Om te illustreer dat die Truman-leer/Marshall-plan effektief was
- Kinders op die foto toon die menslikheid van die lugbrug
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)


1.4

1.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*

- Graan (voedsel)
- Vette (voedsel)
- Verhittingsmateriaal (2 x 1) (2)

1.4.2 *[Vasstelling van partydigheid in Bron 1D – V3]*

- Dit is die siening van 'n lid van die Oos-Duitse Sosialiste wie ten gunste was van die Sowjetunie se beleid
- Skets 'n positiewe prentjie van die Sowjetunie se rol in Berlyn
- Toon die VSA as die oorsaak van hulle swaarkry
- Grotewohl maak aanspraak daarop dat die lugbrug deur Westerse moondhede 'uitgevind' is
- Grotewohl maak aanspraak daarop dat die Westerse moondhede probeer het om die Duitsers aan te hits teen die Sowjetunie
- Gebruik emosionele woorde om die optrede van die VSA uit te beeld
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)



Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

1.4.3 [Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]

- Hulle verhoed inwoners van hulle sektore om voordeel te trek uit die geleentheid om voorrade wat deur die Sowjetunie aangebied word te verkry
- Hulle het die mense wat in die Westerse sektore woon ontnem van die geleentheid om voedselvoorrade en ander kommoditeite te verkry wat deur die Sowjetunie direk in die winkels voorsien is
- Die 'lugbrug' wat hierop gevolg het, was 'n uitvindsel van die Westerse moondhede en was onnodig
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.4.4 [Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]

Kandidate moet aandui of hulle SAAMSTEM of NIE SAAMSTEM NIE met Grotewohl se interpretasie van optrede deur Westerse moondhede.

STEM SAAM


- Die Westerse moondhede verhoed Wes-Berlyners om voorrade uit die Sowjetsektor te verkry
- Die Berlynse stadsadministrasie is beïnvloed deur Westerse moondhede wat Wes-Duitsland beset het
- Deur nie die hulp van die USSR te aanvaar nie het aanleiding gegee tot die verskerping van die wrywing tussen die USSR en Wes-Berlyners
- Enige ander relevante antwoord

STEM NIE SAAM NIE

- Partydige perspektief deur Otto Grotewohl
- As Voorsitter van die Verenigde Sosialisteparty in Oos-Duitsland was hy krities oor die Weste en hul invloed in Berlyn
- Westerse moondhede was nie verantwoordelik vir die blokkade nie
- Die USSR was bekommerd oor die ekonomiese herstel van Wes-Berlyn
- Die Westerse moondhede wou slegs die Duitse bevolking help
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5 [Vergelyking van inligting in Bron 1B en 1D – V3]

- Bron 1D is 'n Sowjet/ kommunistiese perspektief terwyl Bron 1B 'n Westerse/ kapitalistiese perspektief is
- Bron 1D verwys na die voorrade (bv. graan, vleis) wat die Westerse nasies aan Berlyn gegee het in 1948 terwyl Bron 1B verwys na die voorrade (brandstof, kos) wat die Westerse nasies in 1948 aan Berlyn verskaf het
- Bron 1D beeld die lugbrug in 'n negatiewe lig (onnodig) uit terwyl Bron 1B die lugbrug as positief uitbeeld
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)



Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

1.6 [Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne - V3]

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Verdeling van Duitsland en Berlyn volgens ideologiese grense (Bron 1A en eie kennis)
- Instelling van 'n nuwe geldeenheid *Reichsmark* in die Westerse sektore en die *Ostmark* in die Oostelike sektor (Bron 1A)
- VSA/Wes-Duitsers was bekommerd oor die verspreiding van kommunisme/ domino-effek (Bron 1A en 1D)
- Westerse lugbrug het die impak van die Blokkade deur die Sowjetunie ondermyn (Bron 1B)
- Blokkade is gebruik as propaganda deur die Weste teen die USSR (kinders in Wes-Duitsland het gelyk as gevolg van die USSR se optrede) (Bron 1C)
- Grotewohl het beweer dat Westerse lande die Berlynse stadsraad beheer en Berlyners verhoed het om toegang tot voedselvoorrade gestuur deur die USSR te verkry (Bron 1D)
- Implementering van die lugbrug deur Westerse moondhede gedurende die Berlynse Blokkade (Bron 1C en 1D)
- USSR beweer dat Westerse moondhede woede aangehits het onder Wes-Duitsers wat tot 'n oorlog kon lei (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord


Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. toon geen of min begrip oor hoe die Berlynse Blokkade tot Koue Oorlog-spanning tussen die Westerse moondhede en die Sowjetunie bygedra het nie. • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp te skryf of kan glad nie oor die onderwerp skryf nie. 	PUNTE 0 - 2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp bv. toon begrip hoe die Berlynse Blokkade bygedra het tot Koue Oorlog-spanning tussen die Westerse moondhede en die Sowjetunie. • Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier. 	PUNTE 3 - 5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevante bewyse bv. demonstreer 'n deeglike begrip oor die Berlynse Blokkade bygedra het tot Koue Oorlog-spanning tussen die Westerse moondhede en die Sowjetunie. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. 	PUNTE 6 - 8


(8)
[50]

Kopiereg voorbehou

FBM



Blaai om asseblief



VRAAG 2: HOE HET DIE BUITELAND IN DIE EERSTE FASE VAN DIE ANGOLESE BURGEROORLOG VANAF 1975 TOT 1976 INGEGRYP?

2.1

2.1.1 *[Verduideliking van historiese begrippe uit Bron 2A – V1]*

(a)

- Oorlog wat gevoer is deur Angolese vryheidsbewegings om hulself te bevry van koloniale beheer deur Portugal
- Oorlog gevoer teen kolonialisme of koloniale onderdrukkers
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

(b)

- 'n Interne oorlog om beheer te verkry oor die Angolese regering wat geveg is tussen Angolese politieke partye (MPLA, FNLA en UNITA)
- Oorlog gevoer tussen burgers van dieselfde land
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- Die buiteland stuur wapens om verskillende vryheidsbewegings te bewapen (1 x 2) (2)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- (a) Sowjetunie/Kuba (1 x 1) (1)
- (b) VSA/Suid-Afrika (1 x 1) (1)
- (c) Suid-Afrika (1 x 1) (1)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- VSA wou die verspreiding van kommunisme voorkom
- VSA is bekommerd oor Kubaanse/USSR betrokkenheid in Angolese politiek
- VSA was bekommerd oor die wapen besending wat die MPLA van USSR ontvang het
- VSA wou hulle eie invloedssfeer in onafhanklike Afrika uitbrei
- VSA geïnteresseerd in die benutting van ryk minerale rykdom van Angola
- Angola was van strategiese belang
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2

2.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Raam 1 en 2 van Bron 2B – V2]*

- Die vrees vir die 'domino-situasie'
- Kissinger vrees dat as Angola 'n kommunistiese staat word dan sal ander lande in die omgewing volg
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- Hy aanvaar die voorstel (soos aangedui met sy glimlag)
- Hy besef dat die VSA betrokke moet raak in Angola om die verspreiding van kommunisme te voorkom/'domino-situasie', soos hulle in Viëtnam gedoen het
- Hy het gemengde gevoelens gehad
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.3 [Verduideliking van die bruikbaarheid van Bron 2B – V3]

- Dit toon Kissinger (VS Staatsekretaris) wat President Ford aanmoedig om betrokke te raak in die Angolese burgeroorlog
- Gee te kenne dat Kissinger die verspreiding van kommunisme (om die 'domino-situasie' te voorkom) gebruik het as 'n argument vir VS ingryping in Angola
- Toon die siening van die Britse pers – 'n vergelyking is gemaak tussen VS betrokkenheid in Viëtnam wat geëindig het in 'n nederlaag en die Angolese burgeroorlog
- Dit identifiseer die hoofkarakters (President Ford en die VS Staatsekretaris – Henry Kissinger) wat betrokke was in die beleid rakende die VS se betrokkenheid in Angola
- Enige ander relevante antwoord

(enige 2 x 2) (4)

2.3

2.3.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]

- Suid-Afrika het Angola ingeval
- MPLA versoek Kuba se bystand
- Om te verhoed dat die onafhanklikheidsbeweging verpletter word
- Om die sluipmoorde op revolusionêres te voorkom
- Om te voorkom dat 'n vorm van apartheid in Angola ingestel word
- Om die CIA te verhoed om Angola in te val en te beheer
- Dit was die 'rewolusionêre plig' van Kuba om die MPLA te ondersteun
- Dit was die 'Internasionale plig' van Kuba om Angola te ondersteun
- Om te verhoed dat neo kolonialisme en imperialisme in Angola ingestel word

(enige 4 x 1) (4)

2.3.2 [Analiseer inligting uit Bron 2C – V2]

- Geen oorheersing van een land oor 'n ander een nie (Die USSR oor Kuba)/ gelyk
- Beide Kuba en die USSR het die MPLA ondersteun
- Enige ander relevante antwoord

(enige 2 x 2) (4)

2.4

2.4.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]

- Omdat hulle, hulle troepe moes onttrek sonder om hulle eie doel te bereik


(1 x 1) (1)

2.4.2 [Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]

Kandidate moet aandui tot watter mate die bewering geldig of nie geldig kan wees nie en hulle argument met relevante bewyse ondersteun

Tot 'n mindere mate (Vorster se bewering is nie geldig nie)

- Die bron verwys na die onttrekking van Suid-Afrikaanse troepe uit Angola
- Die Suid-Afrikaanse troepe was militêr betrokke in die Angolese burgeroorlog om UNITA te ondersteun
- Hy wou nie die onttrekking van Suid-Afrika uit Angola aanvaar nie
- Enige ander relevante antwoord



Blaai om asseblief

Tot 'n groot mate (Vorster se bewering is geldig)


- Suid-Afrika was net in Angola om die Calueque-dam-terrein te beskerm
- Vorster beweer dat: 'Suid-Afrika se betrokkenheid die uitwerking was van Russiese en Kubaanse inmenging en nie die oorsaak van Russiese en Kubaanse inmenging nie'
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4.3 [Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]

- Suid-Afrika was betrokke omdat Kubane troepe na Angola gestuur het
- Vrees die verspreiding van kommunisme na Suidelike Afrika
- Kommuniste wou beheer verkry oor Suidelike Afrika as deel van hulle plan vir wêreldoorheersing
- Suid-Afrika raak betrokke as gevolg van Russiese en Kubaanse ingryping in Angola
- Om die Calueque dam te verdedig
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5 [Vergelyking van inligting in Bron 2C en 2D – V3]

- In Bron 2C beweer Castro dat Suid-Afrika eerste Angola ingeval het en Kuba het daarop gereageer terwyl in Bron 2D beweer Vorster dat Kuba Angola eerste ingeval het en Suid-Afrika daarop gereageer het
- Bron 2C gee te kenne dat Kuba betrokke was in Angola om Suid-Afrikaners te verhoed om die beleid van apartheid te versprei terwyl Bron 2D te kenne gee dat Kuba probeer het om kommunisme regdeur Suidelike Afrika te versprei
- Bron 2C redeneer dat Kuba geveg het om Angola te help bevry terwyl Bron 2D te kenne gee dat Kuba beheer wou verkry oor Angola (deur die MPLA)
- Enige ander relevante vergelyking (enige 2 x 2) (4)



Kopiereg voorbehou

BM.

Blaai om asseblief

2.6 [Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne - V3]

Die kandidaat moet in die beantwoording van hierdie vraag verduidelik hoe lande uit die buiteland betrokke geraak in die Angolese burgeroorlog van 1975-1976.

- Buitelandse ingryping in Angola was hoofsaaklik militêr van aard (Bron 2A)
- Tenks, mortiere, straalvegters ens. Is gestuur om verskillende vryheidsbewegings te bewapen (Bron 2A)
- Die USSR stuur militêre toerusting aan die MPLA (Bron 2A)
- Kubaanse militêre adviseurs is gestuur om die MPLA op te lei (Bron 2A)/ Suid-Afrika het wapens aan UNITA voorsien (Bron 2A)/ CIA (VSA) skenk geld aan die FNLA (Bron 2A)
- Castro het ondersteuning aan die MPLA gebied om Angolese onafhanklikheid en bevryding te verseker (Bron 2C)
- Kuba het ook burgerlikes gestuur om te help (Bron 2C)/ Kuba het dokters, onderwysers en ingenieurs gestuur om Angola te help bou na onafhanklikheid (eie kennis)
- Suid-Afrika het daarop aanspraak gemaak dat hulle nie in die oorlog betrokke was nie, maar was teenwoordig om hulle belange by die hidro-elektriese stasie by die Calauque-dam-terrein te verdedig (Bron 2D en eie kennis)
- Die VSA was geïnteresseerd in die benutting van die minerale rykdom van Angola se Cabindastreek, so daarom is die FNLA wat in daardie streek gestasioneer was, befonds. (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord


Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse bv. toon geen of min begrip oor hoe lande in die buiteland in die eerste fase van die Angolese burgeroorlog vanaf 1975 tot 1976 ingegryp het nie. • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp te skryf of kan glad nie oor die onderwerp skryf nie. 	PUNTE 0 – 2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp bv. toon begrip hoe die buiteland in die eerste fase van die Angolese burgeroorlog vanaf 1975 tot 1976 ingegryp het. • Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier. 	PUNTE 3 – 5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevante bewyse bv. demonstreer 'n deeglike begrip oor hoe die buiteland in die eerste fase van die Angolese burgeroorlog vanaf 1975 tot 1976 ingegryp het. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. 	PUNTE 6 – 8

(8)
[50]

Kopiereg voorbehou

EBM.



Blaai om asseblief

VRAAG 3: WATTER ROL HET DIE REGERING VAN DIE VERENIGDE STATE IN 1957 IN DIE DESEGREGASIE VAN CENTRAL HIGH SCHOOL, IN LITTLE ROCK, ARKANSAS GESPEEL?

3.1

3.1.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*

Kandidate kan twee punte verdien vir die houding en die ander twee punte vir die beskrywing daarvan.

- Vyandig/ aggressief - Hazel Bryan skree op Elizabeth Eckford
- Onvriendelik - Eckford word gelos om op haar eie te loop
- Nuuskierig, want die wit Amerikaanse studente het na Eckford gestaar terwyl sy skool toe loop
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*

- Baie wit Amerikaanse studente wou nie hê dat hulle skool gedesegegreer moes word nie
- Segregasie was 'n deel van die Suidelike kultuur en baie wit Amerikaners het verandering/transformasie gevrees
- Baie wit Amerikaanse studente het geglo dat die Hooggeregshof en die federale regering nie moet inmeng nie in die segregasiewette van die Suidelike State
- Wit rassiste in die Suide het verhewe gevoel en wou nie gelykheid hê met swart Amerikaners nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.1.3 *[Interpretasie en evaluering van bewyse in Bron 3A – V3]*

Stem in 'n groot mate saam


- Baie Amerikaanse het besef dat segregasie moreel verkeerd was
- Om swart Amerikaners die reg van gelyke onderwys te ontnem is as ondemokraties beskou
- Baie wit Amerikaners het dalk skaam gevoel oor die slegte en onmenslike behandeling wat 'n jong meisie wat probeer skool toe gaan, gekry het.
- Eckford is ontnem van haar menseregte en hierdie beeld het gemaak dat baie wit Amerikaners die Burgerregtebeweging ondersteun het in sy veldtog teen rassediskriminasie
- Enige ander relevante antwoord

Stem saam tot 'n mindere mate

- Rassiste/ segregasioniste se gewete sal hulle nie pla nie
- Meeste wit Amerikaners wat in die Suide gewoon het, het segregasie ondersteun
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou

FBM.



Blaai om asseblief

3.2

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

- Hy het gevrees dat die krisis in Little Rock 'die integrasieproses vyftig jaar terug sal sit'
- Dit was 'n geleentheid vir die federale regering om sy ondersteuning aan die Burgerregtebeweging te toon/'om die begeertes en strewes van miljoene mense te ondersteun'
- Die behandeling van Elizabeth Eckford
- Om wet en orde te verseker
- Om te demonstreer dat die federale/sentrale regering ernstig was om diskriminasie te voorkom en wou hê dat die regte van alle Amerikaners ongeag hulle ras gerespekteer moes word (enige 1 x 2) (2)

3.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

- Die skare het groter geword/ mense van verskillende oorde het aangesluit
- Die skare was gewapen en gevaarlik
- Gevegte en dade van geweld het uitgebreek
- Die situasie was buite beheer
- Die polisie kon nie die situasie hanteer nie
- Daar was 'n behoefte om vrede te herstel en om wet en orde te handhaaf (enige 3 x 1) (3)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*

- President Eisenhower wou nie ingryp in sake van 'n staat nie
- President Eisenhower was bekommerd dat hy die stemme van blankes in die Suidelike state sou verloor
- Die President het gehoop dat hy nie nodig het om 'n openbare standpunt ten gunste van die Burgerregtebeweging moet inneem nie
- President Eisenhower het dit nie as 'n krisis beskou nie en moes eers tyd neem om sy adviseurs te raadpleeg
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3

3.3.1 *[Interpretasie van Bron 3C – V2]*


- 'n 'Skare' protesteerders het voorkom dat die hofbeslissing geïmplementeer word
- Die implementering van die uitvoering van die federale reg is voorkom
- Die burgerregte van swart Amerikaanse studente is geskend
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3.2 *[Verduideliking van 'n historiese begrip uit Bron 3C – V1]*

- Menseregte – alle mense ongeag hulle ras, geslag of godsdienst moet billik/ met gelykheid behandel word
- Die basiese menseregte van swart Amerikaanse studente is geweier ten opsigte van onderwys en veiligheid
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou

B.M.



Blaai om asseblie

3.3.3 [Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]

- Fundamentele menseregte
- Waardigheid en waarde van 'n mens
- Geen onderskeid op grond van ras, geslag, taal of godsdiens nie (3 x 1) (3)

3.3.4 [Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]

- Die gebeure in Little Rock het 'n negatiewe beeld van Arkansas na die land en die res van die wêreld uitgedra
- Die prestige van die VSA is bedreig deur die gebeure in Little Rock
- Die situasie in Little Rock het 'n nasionale, nie net 'n staat-kwessie nie geword, want dit het 'n invloed gehad op die VSA se prestige en invloed
- Little Rock het 'n federale saak, wat die hele VSA beïnvloed het, geword, want dit is beskou as 'n skending van die VVO se Handves van Menseregte
- 'n Federale wet is verontagsaam op regeringsvlak en daarom was dit nodig dat die federale regering moes intree om die wet af te dwing
- In die konteks van die kommunistiese aanslag sou die vyande van die VSA gejubel het oor hierdie negatiewe publisiteit
- Die VSA is beskou as 'n staat wat demokrasie in die wêreld voorstaan, maar het swart Amerikaners hulle mense/burgerregte ontsê
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4



3.4.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]

- Hulle geloof in demokrasie is versterk
- Hulle het hul kinders se regte beskerm
- Hulle het 'n nuwe gevoel van behoort gehad
- Hulle was nou doelgerig
- Geloof dat vryheid en gelykheid onderhou is
- Geleentheid vir selfontwikkeling en groei (4 x 1) (4)

3.4.2 [Evaluering van die bruikbaarheid van Bron 3D – V3]

- Die inhoud van die telegram is relevant t.o.v. die navorsingsvraag/ eerste-handse inligting
- Gee die standpunte van betrokke sleutelpersone (ouers van Little Rock Nege)
- Toon die krag van emosies/ houding van rolspelers oor die desegregasie aangeleentheid by Little Rock
- Onthul dat die president se optrede belangrik was, nie net in Little Rock nie, maar ook teenoor die hele Burgerregtebeweging
- Dit illustreer die krag van godsdienstige geloof binne die Burgerregtebeweging
- Dit kan gebruik word as bewys van hoe die Burgerregtebeweging bekommerd was oor integrasie en gelykheid
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)




3.5 [Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne - V3]

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- President Eisenhower was aanvanklik huiwerig om betrokke te raak in die politiek van die state (Bron 3A)
- Die reg van die staat om te regeer sonder inmenging van federale owerhede is hooggeag in die VSA (Bron 3A, eie kennis)
- Eisenhower het aanvanklik die versoek om in te gryp van Martin Luther King Jnr. geïgnoreer (Bron 3A)
- Toe die burgermeester van Little Rock versoek het om Federale troepe in te bring, het Eisenhower ingestem (respekteer die staat/ federale verhouding) (Bron 3A)
- Eisenhower/ VSA regering het geglo dat die Amerikaanse lewenswyse, wat deur die wet ondersteun is, nou bedreig word in Little Rock (Bron 3B)
- Eisenhower / VSA regering het opgetree om die beslissing van die howe te beskerm (Bron 3B)
- Eisenhower/ VSA regering het geweier om 'horde oorheersing' toe te laat om die sentrale/federale regeringsbeleid voor te skryf (Bron 3B)
- Eisenhower het vermeld dat die saak van desegregasie in Little Rock 'n geval was van 'hoof' (regsorde) en nie van 'individuele opinie' nie (Bron 3B)
- Die president se optrede is gesien as 'n belangrike rol wat gespeel is in die geveg om burgerregte in die VSA deur Martin Luther King Jnr. (Bron 3C)
- Die ouers van die Little Rock Nege het gesê dat Eisenhower se optrede hulle geloof in die demokrasie en Amerika herstel het (Bron 3C)
- Die optrede van die leerders by Little Rock het gehelp om die deure van gesegregeerde skole te open vir alle leerders regdeur die VSA (Bron 3D)
- Die gebeure by Little Rock het 'n belangrike rol gespeel om ondersteuning vir die BRB te verkry – dit het getoon dat die Federale regering kon ingryp om menseregte af te dwing op alle swart Amerikaners (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord



Kopiereg voorbehou


B.M.

Blaai om asseblief

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse bv. toon geen of min begrip van die rol wat die regering van die Verenigde State gespeel het in 1957 in die desegregasie van <i>Central High School</i> in Little Rock Arkansas. • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp te skryf of kan glad nie oor die onderwerp skryf nie. 	PUNTE 0 – 2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp bv. toon begrip van die rol wat die regering van die Verenigde State gespeel het in 1957 in die desegregasie van <i>Central High School</i> in Little Rock Arkansas. • Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier. 	PUNTE 3 – 5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevante bewyse bv. demonstreer 'n deeglike begrip van die rol wat die regering van die Verenigde State gespeel het in 1957 in die desegregasie van <i>Central High School</i> in Little Rock Arkansas. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. 	PUNTE 6 – 8



(8)
[50]



Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

2011-11-25

G X 110

PROTECTOR

INFORMATION

AFDELING B: OPSTELVRAE**VRAAG 4:**

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede.]

SINOPSIS

Met die skryf van hierdie opstel moet kandidate in staat wees om 'n gedagterigting in te neem en aandui tot watter mate die Verenigde State van Amerika suksesvol was in die stuiting van kommunisme gedurende die Viëtnamese Oorlog tussen 1965 en 1975.

HOOFASPEKTE

Kandidate behoort die volgende aspekte in hulle antwoord in te sluit:

- Inleiding: Kandidate behoort 'n gedagterigting in te neem en aan te dui hoe hulle beplan om hulle standpunt te ondersteun.

UITBREIDING

- Redes waarom die Verenigde State betrokke geraak het in die Viëtnamese Oorlog (stuiting van die verspreiding van kommunisme, vrees vir die 'Domino Effek', verspreiding van kapitalisme)

Fokus op waarom die VSA **onsuksesvol** was in die stuiting van kommunisme:

- VSA het Diem se korrupte kapitalistiese regering van Suid-Viëtnam ondersteun
- **Mislukking van 'Operasie Rolling Thunder'** (bom missie van Maart 1965 was om die Noord-Viëtnamese ekonomie te vernietig om hulle te keer om die Suide te help; om die Nasionale Vryheidsfront te vernietig)
- Guerrilla oorlogvoering deur die Viëtminh/Viëtkong het die moraal van die VSA deurmekaar gemaak en ondermyn
- Ho Chi Minh-roete en die belangrikheid daarvan
- **Mislukking van 'Operation Ranch Hand'** (Konvensionele taktiek wat gebruik is deur die VSA se weermag was nie effektief a.g.v. digte plantegroei) gedwing om Napalm, agent oranje te gebruik - vernietig die omgewing, maar nie die Ho Chi Minh-roete nie
- **Tet Offensief**
- Anti-oorlog-protiesbewegings in die VSA en internasionaal
- **Die rol van die media** wat die impak van die oorlog toon op die Viëtnamese en op Amerikaanse soldate;
- **WHAM (Winning the hearts and minds of the Vietnamese)** het eerstens die implementering aangedui van die onttrekkingproses van Amerikaanse troepe uit Viëtnam
- **My Lai massamoord**
- **Rol van Nixon** in die verwydering van die VS troepe
- Vredesonderhandelinge tussen die VS en Viëtnam
- Saigon (Suid-Viëtnam) het geval vir die kommunistiese Noord-Viëtnam in 1975
- Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot

Fokus op waarom die VSA **suksesvol** was in die bereiking van sy doel:

- Indien kandidate aandui dat die VSA suksesvol was in die oorlog in Viëtnam tussen 1965 en 1975 moet hulle hul argument met relevante bewyse ondersteun.

[50]

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

2014 -11- 25

PRIVATE BAG X 110
PRETORIA 0001**VRAAG 5:**

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede.]

SINOPSIS

Met die skryf van die opstel moet kandidate die mate aandui waarin beide die Kongo en Tanzanië suksesvol was in die verkryging van ekonomiese ontwikkeling en politieke stabiliteit na die verkryging van onafhanklikheid van koloniale beheer.

HOOFASPEKTE

Kandidate behoort die volgende aspekte in hulle antwoord in te sluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n gedagterigting inneem en dit ondersteun deur te wys hoe al twee lande hulle ekonomie en politieke beleid na onafhanklikheid verander het.

UITBREIDING

Krediet moet gegee word aan kandidate wat 'n vergelykende opstel gestruktureer het

Die Kongo:**Elemente van ekonomiese 'ontwikkeling'**

- Zaïrenasie (om uitlanders met Zaïrese te vervang) het gefaal a.g.v. (geen ondervinding/korrupsie/wanadministrasie/verwaarlosing)
- Agteruitgang van infrastruktuur in die staat
- Toepassing van terugtrekking (omkeer van Zaïresenasie)
- Enige ander relevante antwoord

Tanzanië:**Elemente van ekonomiese 'ontwikkeling'**

- Arusha Deklarasie (afskaffing van uitbuiting/verkleining in die inkomstegaping tussen die armes en die rykes/eienaarskap van die land se hulpbronne)
- Program van hervestiging van mense na nuwe dorpe (kollektiewe dorpe) (*Villagisation*) het dienslewering verbeter/het 'n stabiele gemeenskap ontwikkel wat vry was van ekonomiese ongelykhede). Boere het egter geweier om hulle voorvaders se grond te verlaat/landbouproduksie het geval
- Meeste genasionaliseerde maatskappye het bankrot gespeel
- Uitvoere het afgeneem
- Tanzanië was weereens afhanklik van buitelandse hulp/lenings
- Enige ander relevante antwoord


Die Kongo:**Element van politieke stabiliteit**

- Verkryging van onafhanklikheid deur demokratiese verkiesings (Kongo (1960): J Kasavubu word President and P Lumumba word die Eerste Minister)
- Positiewe neutralisme (het Afrikane se waardes teruggebring)
- Sterk gesentraliseerde regering
- Politieke stabiliteit (alhoewel gebaseer op outoritêre gesag)




Bem.





Tanzanië:**Elemente van politieke stabiliteit**


- Verkryging van onafhanklikheid deur demokratiese verkiesings (Tanzanië 1961: J Nyerere (Eerste Minister) – het die grondwet gewysig om President te word (1962)
 - Gladde oorgang (vreedsame verandering / rasse harmonie/ verbondenheid aan die bevordering van menslike gelykheid en waardigheid)
 - Afrika Sosialisme/ Ujamaa was geskik vir die inwoners
 - Stigting van die Verenigde Republiek van Tanzanië (1964)
 - Gesentraliseerde en eenheidstaat
- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot

[50]

Kopiereg voorbehou

Bem.

Blaai om asseblief

**VRAAG 6:**

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede.]

SINOPSIS

Kandidate moet die redes uitlig waarom die Swartmagbeweging in die middel-1960's opgekom het. Die redes vir die frustrasies wat deur burgerregte-aktiviste in die Suidelike state ondervind is, moet beklemtoon word sowel as die opkoms van 'n nuwe militante nasionalisme onder jong, stedelike swart Amerikaners in die Noorde.

HOOFASPEKTE

Kandidate behoort die volgende aspekte in hulle antwoord in te sluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem en 'n samehangende gedagterigting ontwikkel.

UITBREIDING

- **'Ontnugtering' van suidelike burgerregte**

- Burgerregte-aktiviste het die filosofie van nie-geweld in die lig van aanhoudende polisie geweld bevraagteken
- **Stokely Carmichael** stry vir swartmag
- Wegbreek van die Burgerregtebeweging op die basis van integrasie en nie-geweld
- Sluit by die Black Panther Party aan
- Enige ander relevante antwoord

- **Frustrasie van swart Amerikaners in die Noorde**

- Armoede, werkloosheid en gebrek aan behuising
- Ghetto's binne stedelike gebiede, swak toegeruste skole
- Gefrustreerd met die stadige pas van verandering, krities teenoor Martin Luther King Jr. se strategie van nie-geweld
- Polisiegeweld, oproere, gebruik van geweld is geregverdig as dit gelykheid beteken het
- Geïnspireer deur **Malcolm X** – selfverdedigingstrategie
- Malcolm X – Swart Nasionalisme en selfverwesenliking en selfbeskikking
- **Black Panther Party** is gestig deur Huey Newton en Bobby Seale vir selfbeskikking van die swart Amerikaanse gemeenskap
- Uniforms en gewere om stede te beskerm
- Probeer om armoede te verlig, gratis ontbytprogramme, klinieke en leer programme
- 10 punt program – verkry respek
- Enige ander relevante antwoord

- **Aantrekkingskrag/handhawing van Swartmag**

- Ten doel gehad om verandering te versnel – nie 'n formele organisasie nie
- Swartmagfilosofie
- Uitroep na swart Amerikaners om erfenis, musiek, literatuur te erken, die gemeenskap op te bou en nuwe organisasies te vorm
- 'Swart is mooi' (Black is beautiful) het trots in swartwees voorgestaan (bv. Afro haarstyle, Afrika kleredrag)
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot